Matt 22:15-22 **BELASTING?!**

Die betaal van belasting is vir baie mense ‘n **sensitiewe**, selfs pynlike saak. Nou is daar nog voorstelle vir ‘n **welvaartsbelasting** ook. *“Ja, maar die regering mors ons geld,”* hoor ons dikwels mense kla. Op sommige dorpe hou mens hul belastinggeld terug weens swak dienslewering.
Die omstredenheid rondom belasting is glad nie ‘n **nuwe verskynsel nie**. Die Jode het ernstige probleme daarmee gehad (polities en godsdienstig) en die punt is heftig gedebatteer. Op ‘n dag het hulle Jesus daarby betrek. *“Sê vir ons wat dink u: Is dit reg om vir die keiser belasting te betaal, of is dit nie?”* (22:17)
Dit nou nadat hulle Hom eers goed die **heuning** om die mond gesmeer het: “*Meneer, ons weet dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek en getrou aan die waarheid die wil van God bekend maak sonder om mense in aanmerking te neem, want u let nie op die aansien van persone nie.”* (:16)
Dit was eintlik ‘n pragtige **kompliment** en ‘n baie mooi getuigskrif wat hulle Jesus hier gegee het! As dit maar waar was van alle profete! Enigiemand anders sou seker so ‘n kompliment met dank aanvaar het, maar nie Jesus nie. Wat antwoord Hy?
Hier staan Hy het deur hulle **valsheid** gesien en vir hulle gesê: “*Huigelaars! Waarom stel julle vir my ‘n strik?”* Presies soos wat hulle Hom pas beskryf het: Hy spreek sy mening eerlik uit sonder om mense in aanmerking te neem! Maar dit is nogal ‘n **kras ding** om te sê. Was dit dalk maar net ‘n manier om die vraag te probeer ontduik? Ons het al gesien hoedat politici sensitiewe sake probeer ontwyk deur persoonlike aanvalle te maak!

Ons weet dat die Fariseërs reeds om daardie stadium al nie baie van **Jesus gehou het nie**. Ons het al vroeër gelees dat hulle van Hom ontslae wou raak (12:14). Hulle moes net eers genoeg getuienis teen Hom versamel. Dit was egter makliker gesê as gedaan, want Jesus het niks verkeerds gedoen nie! Matteus vertel van drie sg ***“strydgesprekke***” waar hulle probeer het om Jesus iets verkeerds te laat sê, waarvan hierdie gesprek een was. Die ander twee het gegaan oor die *opstanding* uit die dood (:23-33) en oor die *grootste gebod* in die Wet (:34-40).
Hulle stel hierdie keer **die afvaardiging** wat vir Jesus moes gaan sien, baie slim saam. Dit het eerstens bestaan uit <u>volgelinge</u> van die Fariseërs. Die Fariseërs self handhaaf ‘n lae profiel sodat Jesus nie agterdogtig sou wees nie. Hierdie is immers *leerlinge* wat by Hom as rabbi kom leer. En verder waas daar die **Herodiane**. Die Herodiane en die Fariseërs het nie langs dieselfde vuur gesit nie. Die Fariseërs was ‘n godsdienstige groep wat glad nie die Romeinse oorheersers en die keiser goedgesind was nie. Die Herodiane was ‘n politieke party wat Herodes Antipas en die Romeine ondersteun het. Maar in hierdie geval span hulle saam, want albei het Jesus as ‘n bedreiging gesien.
Sê Jesus dus “*Ja, ons moet belasting aan die keiser betaal,”* sal die Fariseërs die nuus versprei dat Jesus nie ‘n ware profeet is nie en die heidense owerheid bo God stel. Sê Hy “*Nee,*” dan gee dit weer die Herodiane skietgoed om Hom as ‘n revolusionêr by die owerheid te gaan verkla. (propageer burgerlike ongehoorsaamheid).

Deur Hom eers **te vlei** het hulle seker ook gehoop om sy waaksaamheid nog verder te verslap. Hy moes dink Hy verkeer tussen vriende en ondersteuners teenoor wie Hy maar sy hart kon oopmaak!
Hulle **vraag** was dus 'n fyn uitgewerkte politieke skuif. Dit was 'n poging om Hom in 'n strik te vang. Hulle stel vir Hom 'n **slagyster**.

**Maar Jesus sien dwarsdeur alles!** Hulle wou vir HOM in die verleentheid stel, maar toe laat Hy vir HULLE **bloos**. HULLE word aan die kaak gestel. Jesus was **ware God** en van God sê die psalmis mos: *"U sien dwarsdeur my"* (139:1). Niemand kan God om die bos lei met mooi woordjies en slim plannetjies nie. Hy het ook 'n **broertjie d**ood aan mense wat hulle anders voordoen as wat hulle werklik is. In die volgende hoofstuk volg daar bv 'n gedeelte onder die opskrif: "***Jesus veroordeel huigelary***". Ses maal sê Hy: *"Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars!"* (vergl wat met Ananias en Saffira gebeur het).

Maar Jesus laat hulle nie net **twee maal dink** oor hulle gesindheid en motiewe nie. Hy gebruik dit ook as '**n geleentheid** om 'n belangrike beginsel tuis te bring – een wat vandag nog geld en dit gaan om baie meer as die betaling van belasting. Hy doen dit op 'n baie **praktiese manier**.
*"Wys vir My die muntstuk waarmee die belasting betaal word",* vra Hy. Iemand gee Hom toe een. *"Kyk mooi na hierdie geld. Wie se beeld is hierop en wie se naam staan hier?"* vra Hy. "*Die keiser s'n"* antwoord hulle. *"Nou maar dan is dit mos syne!"* Die bedoeling is dat aangesien die staat aan hulle sekere **voorregte en dienste** gee, hulle ook bereid moet wees om hulle deel by te dra om dit te kan onderhou. Die staat het die **geld nodig**, al stem hulle nie saam met die owerheidspersone se godsdiens of politiek nie. Van die geld het waarskynlik in die keiser se persoonlike rekening beland en ander is vir afgodstempels aangewend of om die uitspattige lewenswyse van die Romeinse adelstand te onderhou. God het egter in **Jeremia** se tyd al sy volk in die ballingskap gevra om die belange van die heidense stad Babel te bevorder en daarvoor te bid, *"want"* sê Hy, *"sy belange is ook julle belange."* (29:7) As dit sleg gaan met die staat, kry die kerk en die gelowiges ook swaar. Daarom moet ons ons **burgerlike pligte** nakom. (Griekeland)
**Maar dis nie waar dit eindig nie.** Luister na die parafrase van Jesus se woorde in **Die Boodskap**: *"Maar onthou, julle is volgens God se 'beeld' gemaak. Julle behoort aan Hom en daarom moet julle seker maak dat julle julleself aan God gee."* Soos wat daardie muntstuk die **keiser se beeld** dra en daarom aan hom behoort, so dra ons **God se beeld** en behoort ons aan God. Die owerheid het sekere aansprake op ons, maar God het nog die **heel grootste aanspraak** op ons en dit sluit alles in wat ons is en het – nie net ons tiendes nie. **Alles waaraan ek en jy raak, is die Here s'n!**
**Jesus** het sy lewe vir ons gegee en verwag dat ons dieselfde vir Hom sal doen. Daarom dat **Rom 12:1** sê: *"Gee julle self aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."* En daarom word die **gemeentes van Masedonië** as voorbeeld gebruik van hoedat 'n mens jou bydraes moet gee: *"… eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil."* (2 Kor 8:5) Dit is wanneer 'n mens *geld gee en goed* gee, *tyd en kragte* vir die werk van die Here gee, maar <u>*nie jouself*</u> nie, dat jy skuldig is aan

**huigelary**. Ons moet baie **seker maak** dat ons ons nie ook in die geledere van die Fariseërs bevind van wie Jesus verklaar het: *“Ellende wag vir julle”* nie.
God het die **blymoedige gewer** lief (2 Kor 9:7). Dit is iemand wat gee omdat hy/sy *God liefhet met sy hele hart en sy hele siel en sy hele verstand.* DIT is wat *“aan God behoort”* en wat Hom toekom: ons hele hart, siel en verstand en al ons kragte. By ons **doop** het Hy sy *eiendomstempel* op ons afgedruk (getjap: “God s’n – hanteer versigtig!”) Ons **hoogste lojaliteit** is aan Hom verskuldig – meer nog as aan die staat.

Die afvaardiging wat Jesus daardie dag ontmoet het, het **baie stof tot nadenke** ontvang – oor hul *verhouding* tot die owerheid, met Jesus en met God.
Ons ook.

TOEWYDING IN STILTE

Amen

16 Okt 2011